"SHB69"

935

**EEDSVERKLARING**

**Paulus Stephanus STEMMET**

verklaar onder eed in Afrikaans:

-1-

Hierdie verklaring sal my betrokkenheid by n' voorval in Pietermaritzburg wat te doene gehad het met 'n Mnr. Gary PORRIT uiteensit.

-2-

Ek maak hieredie verklaring onder die verstandhouding dat vrywaring in terme van artikel 204 van die Strafposeswet van toepassing is en dat hierdie verklaring nie teen my gebruik kan word nie in enige vervolging, behalwe waar meineed betrokke is.

-3-

Ek het al my verhouding met Gavin VAREJES ("VAREJES") in 'n voorige verklaring uiteengesit. Ek en my kollega, Freddie BURGER, wat saam met my 'n kaptein in die SA Polisiediens Reserwemag was, het vir VAREJES in albei Morningside, Sandton, by sy huis en ook by die Uvongo Falls woonstelle in Uvongo gesien rondom werk wat ons vir hom doen. Die SA Poliseidiens was klaar besig met 'n ondersoek teen Gary PORRIT van Tigon. VAREJES het ons gevra om iets anders te probeer om meer druk op PORRIT te plaas want PORRIT was besig om druk op hom uit te oefen en die polisie ondersoek teen hom het, na sy sin, te lank geduur.

**EEDSVERKLARING**

**Paulus Stephanus STEMMET**

-4-

Daar was verkillende opsies bespreek tussen die drie van ons, daar is besluit dat die opsie om dwelms in sy huis te plant die maklikste uitvoerbare opsie was. Na 'n vergadering met VAREJES in Uvongo waar dit bespreek is, het ek en BURGER gery Pietermaritzburg toe. Ons het 'n hoeveelheid kokaine, in die omgewing van minder as 40 gram, in deurskynende plastiese sakkie aangeskaf. Ek kan nie meer onthou waar en by wie ons dit gekry het nie. VAREJES het al vir ons PORRIT se Pietermaritzburg adres gegee. Ek kan nie meer die adres onthou nie, maar dit was in 'n vooraanstande area gewees. Ek en BURGER het saam in 'n voertuig gery, ek kan nie meer onthou of dit 'n PALTO voertuig was, 'n polisie voertuig of 'n gehuurde voertuig nie en ek kan nie onthou watter tipe voertuig dit was nie.

-5-

Ek kan nie onthou watter dag of datum dit was nie, maar ek dink dit was in die omgewing van 2000 of 2001. Ons het gedurende die oggend by die adres aangekom, in die omgewing van 09:00 en 10:30, as ek reg onthou.

-6-

Ek het in die voertuig agtergebly en BURGER het by die huis aangeklop. Hy het die dwelms saam met hom geneem. Ons het bespreek dat hy sal se dat hy besig is met 'n polise opname in

**EEDSVERKLARING**

**Paulus Stephanus STEMMET**

die area oor misdaad en dan 'n paar vra aan die werker of werkers in die huis stel. Hy moes ook vra of hy die toilet KAN gebruik. Waneer hy togang tot die huis gekry het was hy veronderstel om die dwelms op 'n plek te "plant". Hy was vir ogeveer vir vyftein tot twintig minute weg gewees. Hy het alleen teruggekom na die voertuig waar ek gewag het. Ek het nie opgelet dat enigiemand uit die huis saam met hom gekom het nie. Die voertuig was 'n paar huise weg van die adres geparkeer. Toe hy in die voertuig geklim het het hy aan my geraporteer dat hy die dwelms in die onderste toilet weggesteek het. Ek kan nie onthou of hy genoem het waar presies hy dit weggesteek het nie.

-7-

Dieselfde dag wat ons die dwelms geplant het by PORRIT se huis het ek terugvoer aan VARJES gegee dat dit wel gedoen is. Ek dink ek het dit telefonies aan hom geraporteer. Ek kan nie nou onthou wat sy reaksie was nie. Ek kan nie presies onthou nie, maar ek neem aan dat ons wel vir die optrede deur VAREJES betaal is.

-8-

Kort daarna, binne 'n week, mootlik dieselfde dag, het ons die inligting van verstekde dwelms aan Kaptein Morné NEL van Misdaad Intelligensie Hoofkantoor oorgedra. So ver ek kan onthou het NEL persoonlik die inligting opgevolg. Daarna het hy geraporteer dat dit vir hom gelyk het asof iemand die dwelms daar geplant het. Ek het die indruk gekry dat hy nie baie beindruk was

**EEDSVERKLARING**

**Paulus Stephanus STEMMET**
nie.

-9-

Ek en BURGER het deur VARJES te hore gekom van PORRIT. Nie eek of BURGER het enige persoonlike grief teen PORRIT gehad nie en ons het geen rede gehad om hom enige leed aan te doen nie. Ons het hom nooit eers ontmoet nie. Die optrede met die plant van die dwelms was in opdrag van VAREJES gedoen en met sy volle wete.

-10-

1. Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
2. Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed.
3. Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

"Ek sweer dat hierdie verklaring die waarheid is, so help my God".

JOHANNESBURG

2009-11-02

**EEDSVERKLARING**

**Paulus Stephanus STEMMET**

**SERTIFIKAAT**

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat hy vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp en dat hy die voorgeskrewe eed voor my afgelê het en dat hy sy handtekening daarop aangebring het in my teenwoordigheid te JOHANNESBURG op 2009-11-02.

KOMMISSARIS VAN EDE : CAPT.

VOLLE NAME: PETER MASHAPU

RANG/AMP: CAPTAIN

ADRES: JOHANNESBURG
ORGANISED CRIME UNIT
No. 17 DIAGONAL STREET
JOHANNESBURG.

EX OFFICIO: RSA